# RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2016

PSG GROEP BEPERK

**HERHALENDE WESENSVERDIENSTE ⬆ 16% tot 412 sent per aandeel**

**TUSSENTYDSE DIVIDEND ⬆ 25% tot 125 sent per aandeel**

**SVDD-WAARDE van R228,32 per aandeel op 7 Oktober 2016**

**R1,7mjd KONTANT BESKIKBAAR VIR VERDERE BELEGGINGS**

## OORSIG

PSG Groep Bpk ("PSG") is 'n beleggingshouermaatskappy met onderliggende beleggings wat bedrywig is in industrieë soos bankwese, onderwys, finansiële dienste, voedsel en verwante sake, en privaatekwiteit. PSG se markkapitalisasie (netto van tesourie-aandele) is ongeveer R46mjd, en sy grootste belegging 'n belang van 30,7% in Capitec. Die meeste van PSG se sleutelbeleggings het gedurende die sesmaande-oorsigtydperk bevredigend presteer.

## RESULTATE

Die twee sleutelmaatstawwe aan die hand waarvan prestasie na PSG se oordeel gemeet moet word is die *som-van-die-dele ("SVDD")-waarde* en *herhalende wesensverdienste* per aandeel.

## SVDD

Die berekening van die *SVDD-waarde* is eenvoudig en vereis beperkte subjektiwiteit aangesien 90% van die waarde bereken word deur JSE-genoteerde aandeelpryse te gebruik, terwyl ander beleggings teen markverwante waardasies ingesluit word. Op 31 Augustus 2016 was die *SVDD-waarde* per PSG-aandeel R206,01 (29 Februarie 2016: R186,67). Op 7 Oktober 2016 was die *SVDD-waarde* R228,32 per aandeel.

| Bate/Las | 28 Feb 2015 Rm | 29 Feb 2016 Rm | **31 Aug 2016 Rm** | **7 Okt 2016 Rm** | *% van totaal* |
|---|---|---|---|---|---|
| Capitec* | 14 549 | 16 820 | **20 673** | **24 183** | *47%* |
| Curro* | 6 236 | 9 773 | **9 519** | **10 749** | *21%* |
| PSG Konsult* | 5 710 | 5 441 | **5 687** | **5 516** | *11%* |
| Zeder* | 3 712 | 2 815 | **3 591** | **5 244** | *10%* |
| PSG Private Equity+ | 1 246 | 1 367 | **1 729** | **1 766** | *3%* |
| Dipeo+ | 603 | 557 | **689** | **741** | *1%* |
| PSG Corporate *(PSG Capital ingesluit)*++ | 1 398 | 1 510 | **1 418** | | |
| Ander bates *(kontant en voorkeuraandeelbeleggings ingesluit)*^ | 2 031 | 4 358 | **3 580** | **3 497** | *7%* |
| **Totale bates** | 35 485 | 42 641 | **46 886** | **51 696** | *100%* |
| Ewigdurende voorkeuraandeelbefondsing* | (1 411) | (1 309) | **(1 367)** | **(1 341)** | |
| Ander skuld^ | (679) | (949) | **(950)** | **(958)** | |
| **Totale SVDD-waarde** | 33 395 | 40 383 | **44 569** | **49 397** | |
| **Aantal uitgereikte aandele *(netto van tesourie-aandele)* (m)** | 204,5 | 216,3 | **216,3** | **216,3** | |
| **SVDD-waarde per aandeel (R)** | 163,28 | 186,67 | **206,01** | **228,32** | |

* *Genoteer op die JSE Bpk* + *SVDD-waarde* ++ *Waardasie* ^ *Boekwaarde*

*Nota: PSG se huidige SVDD is beskikbaar by www.psggroup.co.za.*

## HERHALENDE WESENSVERDIENSTE

| | Ses maande geëindig 31 Aug 2015 Rm | *Verandering %* | **31 Aug 2016 Rm** | Jaar geëindig 29 Feb 2016 Rm |
|---|---|---|---|---|
| Capitec | 451 | | **538** | 989 |
| Curro | 29 | | **47** | 58 |
| PSG Konsult | 116 | | **132** | 254 |
| Zeder | 75 | | **79** | 212 |
| PSG Private Equity | 47 | | **49** | 113 |
| Dipeo | | | **(3)** | (28) |
| PSG Corporate *(PSG Capital ingesluit)* | 41 | | **38** | 69 |
| Ander *(hoofsaaklik voorkeurdividendinkomste)* | 46 | | **51** | 101 |
| **Herhalende wesensverdienste voor befondsing** | 805 | *16* | **931** | 1 768 |
| Befondsing *(netto van rente-inkomste)* | (84) | | **(49)** | (148) |
| **Herhalende wesensverdienste** | 721 | *22* | **882** | 1 620 |
| Nie-herhalende items | 139 | | **126** | (250) |
| **Wesensverdienste** | 860 | *17* | **1 008** | 1 370 |
| Nie-wesensitems | 2 | | **16** | 113 |
| **Toeskryfbare verdienste** | 862 | *19* | **1 024** | 1 483 |
| **Geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele *(netto van tesourie-aandele)* (m)** | 203,4 | *5* | **214,2** | 205,7 |
| **Verdienste per aandeel (sent)** | | | | |
| – Herhalende wesens- | 354,5 | *16* | **411,8** | 787,8 |
| – Wesens- | 422,8 | *11* | **470,5** | 666,2 |
| – Toeskryfbare | 423,7 | *13* | **477,8** | 721,1 |
| **Dividend per aandeel (sent)** | 100,0 | *25* | **125,0** | 300,0 |

*Wins voor finansieringskoste en belasting* het met 21% tot R2,1mjd gestyg, hoofsaaklik weens die verbeterde prestasie van ons onderliggende beleggings en die konsolidasie van sekere filiale vir die eerste keer.

## VOORUITSIGTE

Ons glo dat PSG se beleggingsportefeulje behoort bogemiddelde opbrengste aan te hou lewer. PSG het tans R1,7mjd kontant beskikbaar vir verdere beleggings.

## DIVIDEND

PSG se beleid is steeds om tot 100% van vrye kontantvloei as 'n gewone dividend te betaal, waarvan een derde as 'n tussentydse dividend betaalbaar is en die res as 'n finale dividend met jaareinde. Die direkteure het besluit om 'n tussentydse bruto dividend van 125 sent (2015: 100 sent), betaalbaar vanuit inkomstereserwes, vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2016 te verklaar.

Die tussentydse dividendbedrag, na aftrekking van Suid-Afrikaanse dividendbelasting van 15%, is 106,25 sent per aandeel vir aandeelhouers wat nie van dividendbelasting vrygestel is nie. Die aantal uitgereikte gewone aandele op die verklaringsdatum is 230 778 549, en die inkomstebelastingnommer van die maatskappy is 9950080714.

Die belangrike datums van hierdie dividenduitkering is die volgende:

| | |
|---|---|
| Laaste dag vir verhandeling met dividend | Dinsdag, 1 November 2016 |
| Verhandeling sonder dividend begin | Woensdag, 2 November 2016 |
| Rekorddatum | Vrydag, 4 November 2016 |
| Betaaldatum | Maandag, 7 November 2016 |

Aandeelsertifikate mag nie tussen Woensdag, 2 November 2016 en Vrydag, 4 November 2016, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of gerematerialiseer word nie.

## ONGEOUDITEERDE FINANSIËLE RESULTATE

Hierdie verkorte aankondiging bevat slegs 'n opsomming van die inligting van die volledige aankondiging wat op Woensdag, 12 Oktober 2016 op die Sekuriteitebeursnuusdiens ("SENS") vrygestel is, en is die direkteure se verantwoordelikheid. Raadpleeg asseblief die volledige aankondiging vir addisionele inligting. Die volledige aankondiging is op PSG se webwerf beskikbaar by *www.psggroup.co.za* of kan gedurende kantoorure gratis aangevra en persoonlik verkry word by die maatskappy en sy borgmakelaar se geregistreerde kantoor. Enige beleggingsbesluite moet gebaseer word op 'n oorweging van die inligting in die volledige aankondiging wat op SENS vrygestel is.

Namens die direksie

**Jannie Mouton**
*Voorsitter*

**Piet Mouton**
*Hoof uitvoerende beampte*

**Wynand Greeff**
*Finansiële direkteur*

Stellenbosch
12 Oktober 2016

**PSG GROEP BPK:** Registrasienommer: 1970/008484/06
JSE-aandeelkode: PSG ISIN-kode: ZAE000013017

**DIREKTEURE:** JF Mouton (Voorsitter)+, PE Burton^, ZL Combi^, FJ Gouws+, WL Greeff (FD)*, JA Holtzhausen*, MJ Jooste+ (Alt: AB la Grange), B Mathews^, JJ Mouton+, PJ Mouton (HUB)*, CA Otto^
* *Uitvoerend* + *Nie-uitvoerend* ^ *Onafhanklik nie-uitvoerend*

**MAATSKAPPYSEKRETARIS EN GEREGISTREERDE KANTOOR:** PSG Corporate Services (Edms) Bpk
1ste Verdieping, Ou Kollege, Kerkstraat 35, Stellenbosch, 7600; Posbus 7403, Stellenbosch, 7599

**OORDRAGSEKRETARIS:** Computershare Investor Services (Edms) Bpk
Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001; Posbus 61051, Marshalltown, 2107

**BORGMAKELAAR:** PSG Capital

**OUDITEUR:** PricewaterhouseCoopers Geïnk.

GREYMATTER & FINCH # 10062